Tafklub
Tafelberg Fotografie Klub

# Taffienuus Januarie 2023

**Beste Tafelberg- Fotografieklub-lede**

Wat 'n genade en voorreg is dit om in 2023 mekaar te kan groet en opgewonde te wees oor die foto's wat ons hierdie jaar gaan neem. Om foto's te neem is 'n voorreg. Dit is om 'n oomblik van die skepping vas te vang en te bewaar. Dit is om 'n oomblik wat jy alleen op 'n unieke wyse raakgesien het, met ander te deel! Soms herskep jy die oomblik met 'n verskeidenheid tegnieke om dit nog meer spesiaal te maak. Kom ons vier in 2023 weereens die mooiheid van die skepping met ons kameras!

Mag dit vir julle elkeen 'n besonderse jaar wees. Ons – die bestuur van die klub gaan ons beste doen om goeie leiding te gee om dit vir elkeen weer 'n goeie ervaring te maak.

## 1. Wat maak ons uniek?

Dit is soms goed as 'n mens weer vrae – Wat maak ons klub uniek?

**Dit is 'n klub wat iets vir almal het. Van die professionele fotograaf – en die stokperdjie fotograaf – tot 'n beginner fotograaf. Ons wil iets bied vir elkeen wat lief is vir fotografie. Dit is 'n klub waar jy kan groei en mense met dieselfde passie ontmoet. Hier help ons jou -om jouself te help om beter foto's te neem en te verwerk. Ons help jou om teen jouself te kompeteer met die doel om jou eie foto's te verbeter. Elkeen is uniek en het 'n unieke belangstelling en styl. Ons wil jou help om jou unieke styl van fotografie te ondek en te vier! Ons wil dit vir jou lekker maak om jou passie vir fotografie uit te leef!**

## 2. Maandelikse byeenkomste

Net weer ons program – Dit gaan op die webwerf beskikbaar wees:

| MAAND | TEMA | Datum Vaardigheidsaar | SPREKER/VAARDIGHEID | Klub fotografie-uitstappies | | Sluitingsdatum vir Kompetisi | Kompetisie Datum | BEOORDEELAAR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | Fotos in wees 24h00 P-Vault | 19h00 | |
| Januarie | Photojournalism | n.a. | n.a. | 14 Januarie | Waterfront | 21 Januarie | 24 Januarie | Franscois Roux |
| Februarie | Abstrak | 14 Februarie | Mariana - Abstrak | 18 Februarie | Vergelegen Somerset Wes | 22 Februarie | 28 Februarie | Rob Heffer |
| Maart | Scapes | 14 Maart | Foto diskussie aand | 18 Maart | Silwermyn Natuurreservaat | 22 Maart | 28 Maart | Francois du Bois |
| April | Architecture | 11-Apr | PS & LR - Mariana Visser | 15 April | Kaapstad | 19-Apr | 25-Apr | Andre de Koker |
| Mei | Makro | 9 Mei | Hendrik Louw - Makro | 13 Mei | Stellenbosch Botaniese tuin | 17 Mei | 23 Mei | Hendrik Louw |
| Junie | Human Portraits | 13 Junie | w/shop M & M | 17 Junie | Oop vir voorstelle | 21 Junie | 27 Junie | Kim Stevens |
| Julie | Black and White | 11 Julie | Martin Barber - Black and White | 15 Julie | Perdeplaas | 19 Julie | 25 Julie | Peter Brandt |
| Augustus | High Key | 8 Augustus | Niel Goslett - High Key | 12 Augustus | **Interklub** | 16 Augustus | 22 Augustus | Niel Goslett |
| September | Travel | 12-Sep | Foto diskussie aand | 16 September | | 20-Sep | 26-Sep | Andre Stipp |
| Oktober | Wildlife | 10 Oktober | Johan Kloppers - Wildlife | 14 Oktober | Rietvlei Natuurreservaat | 18 Oktober | 24 Oktober | Christo Gilliomee |
| November | Beste foto van 2023 | 14-Nov | PS & LR - Mariana Visser | | | 22-Nov | 28-Nov | Mariana Visser |

## 3. Bestuurgroep van 1 Desember2022 tot einde November 2023:

Quintus Heine (Voorsitter, webwerf, Taffienuus, en koördinering van klub werksaamhede) 083 3816878
Adriaan van Zyl (Ondervoorsitter en verantwoordelik vir beoordelaars en vaardigheidsaande)
Karen van Zyl (Sekretaresse, ledesake, korrespondensie en ander klubreëlings) 083 4582992
JP Bester (Tesourier, lederegister) 082 8811586
Hendi Barnard (Photo Vault, Top-stelsel, Facebook, webwerf, ens.)
Juliane van Dyk (Maandelikse uitstappies en Klub-uitstalling)

**Ander lede van die klub wat die bestuur bystaan maar nie op bestuur dien nie is:**
Mike Barkhuizen – Photovault
Mariana Visser – Salon direkteur; Op voorsitterspaneel wat adviseur met keuring van klub- foto's vir ander kompetisies, alg hulp aan bestuur)
Andre de Koker – Salon Tesourier
Philip de Lange – Salon admin en ook direkteur van PSSA

Dit is maar om 'n paar te noem. Daar is nog ander lede ook wat ons met ander sake help.

## 4. Kommunikasie:

**Whatsapp:** (Taf Kuiergroep) is die dag tot dag kommunikasie van die groep.

**Webwerf:** Die tafklub webwerf is die draer van al die amptelike inligting van die klub. Dit is die klub se vertoonvenster. Alles wat enigiemand van die klub wil weet sal op die webwerf wees. Ons probeer dit maandeliks op datum hou en sal elke maand ook die kompetisie uitslae daarop publiseer- as jy dit iewers gemis het. Ons wil graag die webwerf tweetalig maak, maar dit gaan 'n rukkie neem, omdat dit nou nuut oorgebou word.

**Facebook:** Die nuwe facebook bladsy gaan 'n publieke bladsy wees waarop ons ons foto's en aktiwiteite van die klub gaan vertoon.


**Nuusbrief:** Met die koms van die facebook bladsy, Whatsapp en ook 'n webwerf, het die skryf van 'n lang nuusbrief slegs 'n herhaling geword. Ons gaan steeds van tyd tot tyd 'n Taffienuus uitgee, maar dit gaan nie inligting bevat wat reeds op ons webwerf verskyn nie.

**Korrespondensie**: Alg navrae oor enigiets kan deur ons epos adres tafklub@gmail.com gedoen word.

## 5. Wen-foto's van Januarie 2023

|  |  |
|---|---|
| **Foto van die Maand- (Ope sowel as Junior kategorie wenner) African Jacana Chick- Dixon Norval** | **2de in ope kategorie – Naaldekokers – Adriaan van Zyl** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Wenner Vaste kategorie: Fotojoernalistiek:**<br>**Swimmer 101: Dixon Norval** | **2de in Vaste Kategorie:**<br><br>**Mans hardloop vir kanker: Adriaan van Zyl** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Wenner – Kreatiewe-kategorie:**<br><br>**Enlightend time: Thomas Bothe** | **2de – Kreatiewe -kategorie:**<br><br>**Vatican Stairs 5: Theo Potgieter** |

**Baie geluk vir al die uitstekende foto's !!! Daar was hierdie maand 81 foto's ingeskyf en die standaard was baie hoog regdeur die kompetisie. 32 foto's het goud en 38 het silwer ontvang.**

## 6. Kompetisie reëls

- **Ons het tydens die eerste kompetisie-aand kennis gegee van die veranderings van sekere kompetisie reëls**. Die wat die aand teenwoordig was, het ingestem tot die veranderinge behalwe een saak. Ons het dit weer oorweeg en op die volgende besluit:

  **Ons gaan nie aandring dat foto's wat hier vir kompetisie ingeskryf word, nie by ander klub ingeskryf kan word nie. Jy is welkom om dit by ons of 'n ander klub in te skryf. Die reël van die PSSA dat ons as klub slegs foto's vir interklub kan inskryf indien iemand ons klub as "hoofklub" beskou, by steeds van krag.**

- **Daar was ook die versoek dat ons weer moet gesels oor foto's wat op klubvlak gediskwalifiseer is of nie aan klubvereistes voldoen nie.** Ons het die volgende besluit: Indien 'n foto tydens 'n klubkompetisie nie aan die vereistes voldoen nie en nog nie beoordeel is nie, mag dit weer by 'n volgende klubkompetisie ingeskryf word nadat die rede waarom dit nie korrek was nie, reggestel is.
- **Onthou asb. dat die sluitingsdatum vir kompetisie inhandiging die Woensdag voor die kompetisie is.**

- Ons gaan vanaf Feb. slegs 2 kategorieë hê nl. Vaste kategorie en Ope kategorie. Prints sal weer in aanmerking kom sodra ons fisiese kompetisies het. Jy kan steeds slegs 4 foto's inskryf. Indien jy vier inskryf moet een in die vaste kategorie ingeskryf word. 'n Maksimum van 3 kan in die ope kategorie ingeskryf word.
- Ons het besluit om al ons reëls so na as moontlik dieselfde te hou as wat die PSSA as standaard beskou- so help ons ons lede as hulle foto's op enige plek inskryf –
- Die vraag is gevra: Hoeveel Salonaanvaardings van een foto kan erkenning ontvang vir klub sterstatus. Die PSSA bepaal dat slegs drie salon aanvaardings (nasionaal of internasionaal) van een foto erkenning kry by Diamant en DPSSA toekenning. As een foto meer as drie Salonaanvaardings verkry het, word dit nie verder in ag geneem by berekening van toekennings nie. Dieselfde geld vir die klub. **Vir sterstatus berekening- kan slegs drie salonaanvaardings** (nasionaal of internasionaal) v**an een foto erkenning kry.** Elke persoon kan baie foto's by verskillende salonne inskryf, maar ons gee **vanaf 1 Feb**. slegs erkenning vir 3 aanvaardings per foto.

  **Die res van die kompetisie reëls is dieselfde en sal op die webwerf geplaas word en is van 1 Februarie 2023 van krag**.

- **Ons wil lede aanmoedig om asb. met ons te kom gesels as jy enige voorstelle het om ons foto ervaring te verbeter!**

## 7. Klub prestasie:

- **Twee lede het die maand sterbevorderings gekry**:

  Quintus Heine is nou 5 ster
  Kathy Smith is nou 3 ster

- **Die Impala salon punte soos dit op die stadium bekend is, het wonderlike prestasie vir van ons klublede ingehou:**
  **Dixon Norval is eerste in die Wes Kaap en 22ste landswyd.**
  **Die res word hieronder genoem: Ons het 10 klublede onder die eerste 30 (in blou gemerk) – Baie geluk Taffies**

| Name | Club | Points | Impala Position | WC Position |
|---|---|---|---|---|
| Dixon Norval | Tafelberg | 81 | 22 | 1 |
| Andre Stipp | Paarl | 58 | 37 | 2 |
| Neels Beyers | CTPS | 55 | 38 | 3 |
| Christo Giliomee | Paarl | 52 | 41 | 4 |
| Mariana Visser | Tafelberg | 51 | 42 | 5 |
| Pieter Swart | Tygerberg | 50 | 43 | 6 |
| Peter Hardcastle | Swartland | 47 | 46 | 7 |
| Lynne Kruger-Haye | Ignite | 44 | 48 | 8 |
| Phillip de Lange | Witzenberg | 38 | 54 | 9 |
| Adriaan van Zyl | Tafelberg | 35 | 57 | 10 |
| Erwin Kruger-Haye | Ignite | 34 | 58 | 11 |
| Leney Stipp | Paarl | 33 | 59 | 12 |
| Nicol du Toit | CTPS | 31 | 61 | 13 |
| Louise de Lange | Witzenberg | 30 | 62 | 14 |
| Francois du Bois | Tygerberg | 29 | 63 | 15 |
| Ciszanne Crous | Swartland | 26 | 66 | 16 |
| Dieter Butow | CTPS | 26 | 66 | 16 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Charles Naude | Hermanus | 25 | 67 | 18 |
| Herman Olivier | Swartland | 25 | 67 | 18 |
| Karen van Zyl | Tafelberg | 24 | 68 | 20 |
| Kim Stevens | CTPS | 23 | 69 | 21 |
| Lesley Parolis | CTPS | 22 | 71 | 22 |
| David Wilson | Hermanus | 21 | 72 | 23 |
| Jacoba van Zyl | CTPS | 21 | 72 | 23 |
| Anna Engelhardt | CTPS | 20 | 73 | 25 |
| Jeanette du Toit | CTPS | 18 | 75 | 26 |
| Hendrik Louw | CTPS | 17 | 76 | 27 |
| Trudi du Toit | CTPS | 17 | 76 | 27 |
| Theo Potgieter | Creative | 16 | 77 | 29 |
| Thomas Bothe | WC Youth | 16 | 77 | 29 |

**Tafelberg Salon is 2de in die Wes Kaap (naas Kaapstad) met Salonaanvaardings**

Ek wil werklik ons lede aanmoedig om aan Salonne deel te neem. As jy nog nie begin het nie – stel jouself ten doel om 2 of 4 van jou beste foto's per Salon in te skryf. Dis baie lekker as jou foto aanvaar word, want dit beteken dit is in die boonste 20% van die foto's wat by die betrokke salon ingeskryf is. Dit is 'n werkbare doelwit wat jy vir jou kan stel om ten minste een keer per maand aan 'n salon deel te neem. Kyk op ons webwerf hoe salonne werk en hoedat jy daarvoor kan inskryf.

## 8 Belangrike Datums

- Die volgende kompetisie datum is **28 Feb**. en die tema is **Abstrak**. Datum wanneer jou foto's ingeskryf moet wees, is **22 Feb**.
- Ons sal volgende week laat weet of ons die 14de Feb. 'n hibriede vergadering het of nie.
- Op 18 Feb. is daar 'n klub uitstappie na Vergelegen – Juliane sal later meer inligting gee
- Teken asb. aan dat ons jaarlikse Interklub kompetisie op 12 Augustus op Stellenbosch is.
- Ons gee ook kennis dat ons **Algemene Jaarvergadering** op **28 Maart om 19:00** via ZOOM is. Die nodige verslae sal betyds aan julle gestuur word.
- **Ledegeld** is betaalbaar voor die einde van Februarie. Dit is in 2023 slegs **R400** per persoon per jaar

## 9. Nuus Van PSSA

Die PSSA het 'n groot poging om die korrekte adresse van mense op te gradeer. Kyk na hulle nuusbrief hieronder en reageer asb.

# A FIRST FOR PSSA - TRY IT!

## CHANGE YOUR OWN PERSONAL DETAILS ON THE PSSA WEBSITE

Dear Member

All active members can now log into the Member zone and personally change their personal details on the PSSA website.

You no longer need to ask our membership secretary, Ria Katzke, to do it for you.

Just click on the green Member zone button on the PSSA website home page to access it and log in.

**Step 1**

You ***must set a new password*** for the first time, even if you are a new PSSA member who got a new password for the Member zone recently because this new system does not know you yet. If you previously used the old Member zone, you ***still need to create a new password*** in order to log into the new Member zone.

Therefore, log in and ***click on the link at the bottom*** to set a new password.

**Step 2**

Once you've asked for a new password, click on the password link that ***gets sent to the email address*** you provided.

**Step 3**

Once you have created a new password (it can be the same as the old one if you wish), you will be taken to the login page.

**Step 4**

Log in to see ***your personal details*** and also the latest IMAGE magazine.

- You can change your email address by clicking on the **Change** button.
- You can change any other field by clicking on the **Update member info** button
- You can add or change your club(s) by clicking on the **Add Club button** and also select your Primary club.
- If you do not belong to a club, you may choose "**Independent**". You will find Independent under the "**Southern Africa**" Region.

**Step 5**

Click on the **Submit** button to save your changes. You will then see the changes you

made.

**Step 6**

Remember to click on the **Logout button** when you're done. You will find it below the picture of the IMAGE magazine.

Contact Melanie, our webmaster if you have any queries.

**Jill Sneesby**

**PSSA PRESIDENT**

**Hon MPSSA, MPSSA, FPSSA(Dux), AV-FPSSA, MFIAP, ESFIAP, FPSA**

---

## 10 Welkom aan Nuwe lede

- **Dirk en Martie Taljaard** van Bellville het by ons aangesluit.
  Dirk se gunsteling genre is: Natuur veral Voël en Wildlewe fotografie.
  Martie se gunsteling genre is: Makro en Portret fotografie.
- **Ivor Wright** van Kuilsrivier (was voorheen lid) het weer by ons aangesluit )
  Ivor se gunsteling genre is: Stillewe, Portret en Straat fotografie

Baie welkom julle - Ek hoop dat julle werklik baie vreugde saam met ons sal beleef!!

### Ten slotte:

Mag Februarie vir julle elkeen 'n lekker somer-foto maand wees –

**Onthou : Neem baie foto's !!**

**Vriendelik Groete**

**Quintus**